SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE nuwe vraag op 'n NUWE bladsy.

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae voorsien. Kies die mees gepaste antwoord en skryf net die korrekte letter (A–D) langs die vraagnommer neer (1.1–1.10) in die antwoordeboek, byvoorbeeld 1.11 E.

1.1 Wat is die mees toepaslike medium om te gebruik vir die stuur van ʼn dringende drie-bladsy agenda vir ʼn vergadering van die distrik-komitees?

A Webtuiste
B SMS
C Brief
D Faks

1.2 Die Oos-Kaap provinsie het 23 distrikte. Watter EEN van die volgende netwerktipes sou die Oos-Kaap Onderwysdepartement gebruik om met al sy distrikte te kommunikeer?

A LAN
B WAN
C PAN
D MAN

1.3 Watter EEN van die volgende kan beide as ʼn toevoer- en afvoertoestel beskryf word?

A Bluetooth-sleutelbord
B Aftaster
C Laser-muis
D Raakskerm

1.4 Watter EEN van die volgende sou die mees gepaste rekenaartipe vir die verwerking van groot hoeveelhede inligting soos weervoorspelling wees?

A Tabletrekenaar
B Bediener
C Skootrekenaar
D Superrekenaar

1.5 Hierdie knoppie sal ʼn vars kopie van ʼn webtuiste aflaai:

A Stop
B Refresh
C Forward
D Back

1.6 ’n E-pos boodskap wat die skoolhoof groot hoeveelhede geld belowe indien hy die boodskap na nog ten minste 10 mense stuur, word ’n ... genoem.

A drywer
B hoax
C trojaan
D brandmuur

1.7 Watter EEN van die volgende komponente sou die spoed van ’n rekenaar die meeste affekteer?

A Verhoog die verfristempo van die monitor
B Byvoeg van ’n DVD-aandrywer
C Installeer van antivirus sagteware
D Byvoeg van meer geheue (LSG)

1.8 Watter EEN van die volgende Internetwebtuistes sou NIE ’n wagwoord, gebruikersnaam en/of pinkode benodig om die funksies te gebruik NIE?

A Facebook
B Internet bankdienste webtuistes
C Web-gebaseerde e-pos soos Gmail
D Al die bogenoemde benodig ’n wagwoord

1.9 Watter databasis voorwerp sou die beste wees om data in te lees of te verander in ’n databasis, deur ’n gebruiker wat nie vertroud is met databasis toepassings soos Microsoft Access nie?

A Navraag
B Verslag
C Vorm
D Tabel

1.10 Watter funksie sou jy gebruik om sekere nommers in ’n selreeks bymekaar te tel?

A COUNT
B COUNTIF
C COUNTA
D SUM (10 x 1) **[10]**

## VRAAG 2

Kies ŉ term/konsep vanuit KOLOM B wat die beste pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf net die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 P.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | ŉ Voorbeeld van aanlyn-stoorplek | A | Enkripsie |
| 2.2 | ŉ Tegniek wat gebruik word om ongemagtigde toegang te verhoed tot sensitiewe inligting | B | Strepieskode |
| 2.3 | Reeks strepies wat ŉ unieke nommer voorstel | C | 'Green computing' |
| 2.4 | ŉ Toevoerapparaat wat installeer word om lewendige beelde te stuur via ŉ webbediener | D | HTML sintaks |
| 2.5 | ŉ Toegewyde Internetkonneksie | E | Dropbox |
| 2.6 | ŉ Tipe sagteware toepassing wat gebruik word vir die skep van webtuistes | F | Wildekaart |
| 2.7 | Tegnologie wat toelaat vir stem kommunikasie via ŉ netwerk op dieselfde manier as data | G | Skandeerskyf |
| 2.8 | Kan gebruik word om te soek vir ŉ onbekende lêernaam | H | Interaktiewe witbord |
| 2.9 | ŉ Voorbeeld van biometriese eienskappe wat as sekuriteit gebruik kan word | I | VoIP |
| 2.10 | ŉ Interaktiewe toestel wat gebruik maak van ŉ rekenaar en ŉ data-projektor | J | Palmtop |
| | | K | UPS |
| | | L | Webouteur sagteware |
| | | M | ADSL |
| | | N | Webkamera |
| | | O | Retina |

(10 x 1) **[10]**

**VRAAG 3**

In elk van die volgende gevalle is die stelling ONWAAR. Herskryf die stelling op so ŉ manier dat dit WAAR is.

3.1 ŉ Woordverwerker is die beste toepassing om ŉ HTML bladsy te vertoon. (1)

3.2 Indien daar navorsing vir ŉ projek gedoen word, is daar geen rede om die geloofwaardigheid van die webtuistes, soos met ander bronne, te evalueer nie. (1)

3.3 Wi-Fi is ŉ konneksie wat drade en radioseine gebruik vir data-transmissie. (1)

3.4 PowerPoint kan gebruik word as ŉ databron in ŉ possamevoeging. (1)

3.5 Brandmuur-sagteware hoef nie so gereeld opdateer te word soos ŉ antivirus nie. (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

## SCENARIO

Jou skool is gekies deur die Provinsiale Departement van Onderwys om die provinsiale atletiekbyeenkoms in 2014 aan te bied. Die administrasie van die vergadering sal op ŉ rekenaar gedoen word. Jou RTT-klas is gevra om die skool by te staan met enige rekenaar verwante navrae wat hulle mag hê.

## VRAAG 4

4.1 Die departement het die skool ŉ begroting gegee om ŉ rekenaar te koop wat vir die administrasie van die byeenkoms gebruik sal word. Die volgende skootrekenaar sal gebruik word vir die byeenkoms:

SKOOTREKENAAR

Intel Core i5 2430
500GB HDD; Optiese laserskyf
8GB LSG
15,6" HD 1366 x 768 resolusie
Multi in 1 kaartleser
1.3MP Webkamera
Windows 8 Pro

4.1.1 Noem TWEE redes hoekom dit ŉ goeie idee sou wees dat die komitee ŉ skootrekenaar vir die byeenkoms aankoop in plaas van ŉ lessenaarrekenaar. (2)

4.1.2 Een van die plaaslike IT-tegnikusse het ook aan die skool die opsie aangebied om ŉ netbook aan te skaf.

Noem TWEE kritiese verskille tussen ŉ skootrekenaar en ŉ netbook met betrekking tot hardeware. (2)

4.1.3 Noem EEN voordeel daarvan om ŉ kaartleser in die skootrekenaar te hê. (1)

4.1.4 Watter maatskappy vervaardig die SVE van die skootrekenaar? (1)

4.1.5 Noem TWEE redes hoekom ŉ rekenaar meer sekondêre as primêre geheue sou benodig. (2)

4.2 Jy raai die distrikkoördineerders aan om slimfone in plaas van selfone te gebruik.

4.2.1 Slimfone is populêr as gevolg van eienskappe soos om ŉ ten volle toegeruste bedryfstelsel te hê.

Noem EEN voorbeeld van ŉ bedryfstelsel wat op ŉ slimfoon gevind mag word. (1)

4.2.2 Noem TWEE funksies wat op slimfone gevind mag word buiten ŉ bedryfstelsel soos alreeds genoem is. (2)

4.3 Jou slimfoon het nie ŉ kopie van sy drywers op ŉ CD soos meeste ander toestelle nie. Alhoewel, wanneer jy die slimfoon aan jou rekenaar koppel, word al die drywers outomaties gelaai.

4.3.1 Wat is ŉ toesteldrywer? (2)

4.3.2 Waar word die toesteldrywers van die slimfoon gestoor indien dit nie op ŉ CD gestoor word nie? (1)

4.4 Die organisasie-komitee wil ŉ drukker leen vanaf die rekenaarsentrum en hulle moet kies tussen ŉ kleur-inkspuitdrukker en ŉ mono-laserdrukker.

4.4.1 Watter drukker sou hulle kies om 2 000 kopieë van ŉ program te druk? Motiveer jou keuse. (2)

4.4.2 Stel EEN nadeel verbonde daaraan om hervulde inkhouers te gebruik om die programme te druk. (1)

4.5 Jy let op dat die skootrekenaar nie met ŉ kantoorpakket kom nie.

4.5.1 Wat is ŉ kantoorpakket? (2)

4.5.2 Noem TWEE voordele verbonde aan die koop van ŉ kantoorpakket. (2)

4.6 Watter tipe sagteware word in die advertensie genoem? (1)

4.7 Lys TWEE funksies van die sagteware in VRAAG 4.6 genoem. (2)

4.8 Die skoolbeleid noem dat geen data wat die eiendom van die skool is die skool mag verlaat nie, nie eers rugsteun-kopieë nie.

Waarom moet rugsteun-kopieë nie by die beleid ingesluit word nie? (1)

**[25]**

## VRAAG 5

5.1 Die organisasie-komitee verkies om die rekenaarsentrum saam te gebruik, na ure. Hulle noem dat die rede daarvoor is dat die rekenaars in ŉ netwerk gekoppel is.

Noem TWEE voordele daaraan verbonde om rekenaars in ŉ netwerk te konnekteer. (2)

5.2 Watter TWEE tipes kommunikasie-media word gewoonlik gebruik om rekenaars in ŉ netwerk te koppel? (2)

5.3 Die netwerk by die skool is ŉ kliënt-bedienerstelsel.

5.3.1 Wat is die rol van ŉ bediener in ŉ netwerk? (1)

5.3.2 Gee TWEE voorbeelde van bedieners in ŉ netwerk. (2)

5.3.3 ŉ Eweknie-netwerk het nie ŉ bediener nie. Waarom nie? (1)

5.4 Noem TWEE hardeware komponente wat hulle sou benodig om ŉ netwerk op te stel buiten, rekenaars. (2)

5.5 Jy raai aan dat die groep ŉ groepblad skep op een van die sosiale netwerk-webtuistes vir beter kommunikasie.

5.5.1 Wat is ŉ sosiale webtuiste? (1)

5.5.2 Bespreek TWEE nadele verbonde aan die gebruik van ŉ sosiale netwerk-webtuiste. (2)

5.6 Die distrikte wil gereeld met mekaar kommunikeer en jy stel voor dat hulle van VoIP gebruik maak.

5.6.1 Hoe werk VoIP? (2)

5.6.2 Hoekom is kommunikasie via VoIP goedkoper as ŉ normale telefoonoproep? (2)

**[17]**

## VRAAG 6

6.1 Die komitee sal baie vrae onder die verskillende distrikte vra om belangrike inligting van vorige byeenkomste te vra. Hulle het twee tipes vrae ingesluit, naamlik ope en geslote vrae.

Wat is 'n geslote vraag? (1)

6.2 Die komitee het baie webtuistes gekry wat relevante inligting bevat.

Noem TWEE maniere hoe hulle kan seker maak dat die inligting op die webtuistes betroubaar is, al dan nie. (2)

6.3 Wat is die verskil tussen data en inligting? (2)

6.4 Definieer die term *plagiaat*. (2)

6.5 Noem EEN proses wat die komitee kan gebruik om die opinies van baie mense te kry sonder om apart met elkeen te praat. (1)

**[8]**

## VRAAG 7

7.1 Die komitee sal 'n verskeidenheid verskaffers tydens die oploop na die byeenkoms moet betaal. Jy stel voor dat hulle gebruik maak van Internetbankdienste.

7.1.1 Lys TWEE voordele vir die komitee verbonde aan die gebruik van Internet bankdienste. (2)

7.1.2 Wat is strikroof (*phishing)*? (2)

7.1.3 Beskryf EEN manier hoe strikroof (*phishing*) mag gebeur. (1)

7.2 Lys DRIE voorbeelde van '*malware'*. (3)

7.3 Beskryf kortliks wat sosiale ingenieurswese is. (2)

**[10]**

## VRAAG 8

8.1 Jy is verantwoordelik vir al die briewe wat die atletiekprogramme na al die skole in die distrikte gaan vergesel.

Watter funksie van ŉ woordverwerker sou jou toelaat om elke brief persoonlik te adresseer sonder om elke brief se naam en adres oor te tik? (1)

8.2 Die komitee moet ŉ verslag opstel rakende die byeenkoms. Al die data is alreeds in ŉ woordverwerkingsdokument getik.

Watter TWEE stappe sou hulle moes volg om ŉ outomatiese inhoudsopgawe tot die dokument by te voeg? (2)

8.3 Hulle gaan hul eerste webtuiste skep om die byeenkoms te adverteer. Help hulle deur die volgende vrae te beantwoord.

8.3.1 Verduidelik aan hulle wat ŉ webdeurblaaier is deur ook ŉ voorbeeld van ŉ webdeurblaaier te noem. (2)

8.3.2 Watter tag sal gebruik word om ŉ nuwe lyn in HTML te begin? (1)

8.4 Elke distrik sal hulle span registreer deur hulle name en besonderhede tot ŉ sigblad by te voeg en dit na die komitee te stuur.

Help die komitee om die sigblaaie suksesvol te gebruik wat gestuur word indien die volgende ŉ voorbeeld is van hoe data gestuur gaan word:

| | A | B | C | D | E | F | G | H |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | TagNo | LastName | FirstNames | Gender | District | Event | BirthDate | DistrictAffilation |
| 2 | 3210 | TOLO | ROY | M | P.E | 200 | 10 March 1995 | R 500.00 |
| 3 | 5333 | PHAPHELE | WYNAND JOHANNES | F | P.E | 100 | 06 April 1999 | R 500.00 |
| 4 | 3116 | SHABANG | MAVIS LINDIWE | F | K.W.T | 500 | 05 December 1996 | R 400.00 |
| 5 | 3353 | RATSHIRUMELO | XAVIER WANHENGA | M | E.L | 800 | 08 July 1997 | R 600.00 |
| 6 | 3486 | BOOYSEN | NDAKA | M | K.W.T | 3000 | 06 April 1999 | R 800.00 |
| 7 | 3616 | DLAMINI | EMMAH | M | E.L | 800 | 06 April 1999 | R 400.00 |
| 8 | 3533 | CANTIMBO | LUCAS | F | E.L | 1500 | 10 March 1995 | R 500.00 |
| 9 | 3536 | CHIGARIRO | ANDILE GIDEON | F | P.E | 850 | 06 April 1999 | R 600.00 |
| 10 | 3544 | NTSANE | PHINDILE | F | P.E | 400 | 08 July 1997 | R 500.00 |
| 11 | | | | | | | | |

8.4.1 Skryf die funksie neer in sel **B12** om die hoeveelheid name te tel wat begin met die letter **C**. (2)

8.4.2 Watter funksie sou jy byvoeg tot sel **A12** om die huidige datum te vertoon? (1)

8.4.3 Kolom **G** en **H** is soos bo geformateer. Noem die formaat waarin kolom **G** en **H** geformateer is. (2)

8.5 Die maklikste manier om data effektief te gebruik is om die data in ŉ databasis in te sleutel.

8.5.1 Moet hulle al die data met die hand in die databasis insleutel?

Motiveer jou antwoord. (2)

8.5.2 Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van ŉ databasis in plaas van sigblaaie vir hierdie doel. (2)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 75**

## AFDELING C

## VRAAG 9

Na die afloop van die atletiekbyeenkoms is daar baie administrasie wat afgehandel moet word. Die hoofde van al die deelnemende skole is baie beïndruk met die administrasie van die byeenkoms. Hulle wil graag meer by jou uitvind om die vlak van hulle eie atletiekbyeenkomste lig.

Beantwoord die volgende vrae van die hoofde om hulle te help met hulle eie atletiekbyeenkomste.

9.1 Jy besluit om ŉ blog of ŉ webtuiste op te stel om enige IKT-verbonde vrae deur die jaar te beantwoord.

9.1.1 Wat is ŉ blog? (1)

9.1.2 Noem TWEE redes vir die gebruik van ŉ blog in plaas van ŉ webtuiste. (2)

9.1.3 Een van die hoofde verkies om ŉ poslys te gebruik.

Wat is ŉ poslys? (1)

9.2 Onder is ŉ skermskoot van ŉ verstelling wat een van die hoofde op sy skootrekenaar gevind het.




9.2.1 Wat beteken die term *opdateer*? (1)

9.2.2 Noem TWEE redes waarom die skermskoot die woorde “not recommended” bevat. (2)

9.2.3 Wat is die verskil tussen ŉ aanlyn-en aflyn-opdatering? (2)

9.3 Een van die hoofde het ŉ kamera wat nie meer enige foto’s kan neem nie. Die kamera vertoon die volgende foutboodskap: **“memory is full”**.

9.3.1 Noem TWEE maniere hoe jy hierdie probleem kan oplos. (2)

9.3.2 Om ŉ foto op jou blog te laai, moet jy die grootte kleiner maak.

Stel TWEE maniere voor hoe jy die grootte van die prentjie kan verklein. (2)

9.4 Die hoofde gaan groot hoeveelhede foto’s en video’s op hulle rekenaars stoor.

Verduidelik aan hulle hoe hulle stoorspasie kan vry maak sonder dat hulle enigiets skraap of deur ŉ ekstra hardeskyf by te voeg. (2)

9.5 Na die eerste dag van die byeenkoms word jy ŉ verslag gegee wat deur een van die sekretaresse voorberei is. Daar is ŉ paar foute op die verslag, maar die oorspronklike sagte kopie is per ongeluk geskraap.

Verduidelik hoe jy die dokument kan skep wat geredigeer kan word deur middel van OKH sonder om dit oor te tik. (2)

9.6 Sommige van die afrigters by die atletiekbyeenkoms het gestry rakende die ouderdomme wat as O/15 atlete moet deelneem. Jy is ŉ e-boek per e-pos gestuur wat al die reëls vir die atletiekbyeenkoms bevat.

Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van e-boeke in plaas van gedrukte boeke. (2)

9.7 Die hoofde het gesien dat daar sekere eiendomssagteware is wat jy op jou persoonlike skootrekenaar gebruik. Hulle wil graag jou sagteware leen en ŉ kopie daarvan op hulle rekenaars installeer.

9.7.1 Verduidelik aan hulle hoekom dit nie moontlik is nie. (2)

9.7.2 Jy raai hulle aan om oopbronsagteware te gebruik.

Lys TWEE redes hoekom dit in hierdie geval ŉ beter opsie is om oopbronsagteware te gebruik. (2)

9.8 Die administrateurs moet seker maak dat net atlete en afrigters op die veld toegelaat word, en jy raai aan dat hulle biometriese sekuriteit gebruik.

Lys TWEE beperkinge van vingerafdrukke of handafdrukke. (2)

9.9 Atlete wat in die langafstande deelneem is elk ŉ RFID-kaartjie gegee.

9.9.1 Verduidelik kortliks wat RFID is. (2)

9.9.2 Watter voordeel sou die RFID-kaartjies inhou vir die organiseerders van die wedloop? (2)

9.10 Een van die hoofde het kommentaar gelewer op jou blog rakende Inprop-en-speel ("plug-and-play").

Beskryf kortliks wat Inprop-en-speel ("plug-and-play") beteken. (2)

9.11 Die komiteelede wil elkeen graag ŉ verslag ontvang na die byeenkoms via e-pos. Jy kom agter jy onthou nie waar die dokument gestoor is nie en die lêernaam ook nie.

9.11.1 Lys TWEE soek-kriteria of parameters wat jy sou insluit wanneer jy soek vir die korrekte dokument. (2)

9.11.2 Wat is die verskil tussen die gebruik van die 'Cc'-en die 'Bcc'-velde wanneer jy ŉ e-pos stuur? (3)

9.11.3 Wat is ŉ '*webmaster*'? (1)

9.12 Een van die hoofde wil graag die byeenkoms bestuur deur gebruik te maak van ʼn databasis. Beantwoord die volgende vrae.

9.12.1 Wat is ʼn primêre sleutelveld? (1)

9.12.2 Verduidelik wat die verskil is tussen ʼn geldigheidsreël en geldigheidsteks. (2)

9.12.3 Wanneer sou jy ʼn navraag gebruik in plaas van ʼn filter? (1)

9.13 Een van die webblaaie van die Oos-Kaap Atletiekwebtuiste word nie reg vertoon nie. Die opskrif Oos-Kaap Atletiek Byeenkoms moet gesentreer, bold, onderstreep en in italics wees.

***<u>Oos-Kaap Atletiek Byeenkoms</u>***

Gebruik die HTML kode hieronder vir dit om te gebeur.

</body>

</body>

</centre><b><u><i> Oos-Kaap Atletiek Byeenkoms </u></b></centre> (4)

9.14 Die handleiding bevat reëls vir die verskillende items, en jy wil graag ʼn inhoudsopgawe opstel om die bruikbaarheid van die dokument te verbeter.

Watter TWEE eienskappe kan saam gebruik word om dit te doen? (2)

9.15 Soos hulle tik, verander die woordverwerker outomaties Suid-Afrikaanse spelling na die Amerikaanse spelling, bv. colour na color.

Noem die funksie van ʼn woordverwerker wat dit laat gebeur EN verduidelik hoe om dit in die toekoms te keer. (2)

9.16 Skryf die moontlike oplossing vir die volgende foutboodskap in ʼn sigblad neer.

# # # # # # (1)

**TOTAAL AFDELING C: 50**
**GROOTTOTAAL: 150**